

BYBELSTUDIE

ROMEINE

DIE HOFSAAK TUSSEN
GOD EN DIE MENS

2024

DIE BRIEF VAN DIE APOSTEL PAULUS AAN DIE ROMEINE¹

Die brief aan die Romeine is geskryf op 'n belangrike tydstip in die werksaamheid van die apostel Paulus. Sy taak in die Ooste is afgedaan en sy oog is nou gerig op die Weste, op Rome en Spanje, 15:19, 23, 24. Hy skryf uit Korinthe aan die einde van sy derde sendingreis en kort voor sy vertrek na Jerusalem, d.w.s. einde 55 of begin 56 n.C.

Die doel van die brief is om die Christene in Rome te laat weet van sy aanstaande koms, 15:23, met die versoek dat hulle ook voorbereidsels sal tref vir sy verdere reis, 15:24. Die moontlikheid bestaan egter dat sy langgekoesterde wens nie in vervulling sal gaan nie, want hy moet eers na Jerusalem, met die gevare wat dit inhou. Daarom bevat die brief meteen 'n samevatting van sy prediking tot hulle, met 'n vermaning tot eensgesindheid, 14:1 v., 15:1 v., en 'n ernstige waarskuwing teen valse leraars Joods Christelike yweraars vir die wet ten koste van die genade.

Hoe en wanneer die gemeente van Rome ontstaan het. is nie bekend nie. Dit is nie deur Paulus gestig nie, 1:13. Vir die mening dat Petrus die stigter was, is daar geen grond nie. Waarskynlik het ons hier 'n gemeentevorming deur gelowiges wat van elders gekom het na Rome, die hoofstad van die wêreld en middelpunt van die wêreldverkeer. Op Pinksterdag was daar byvoorbeeld Jode en Jodegenote uit Rome in Jerusalem, Hand. 2:10.

Die brief staan eerste in die ry van Paulus se briewe, waarskynlik omdat dit die langste en belangrikste is. Dit bevat ook die volledigste uiteensetting van die evangelie, gesien vanuit die regverdigmaking deur die geloof, wat ná die inleiding, 1:1-15, aangekondig word as die onderwerp van die brief, 1:16, 17. Hy begin met die verkondiging van

¹ Die Bybel met Verklarende Aantekeninge. VPU 1959

die regverdig oordeel van God oor die hele mensheid, 1:18 3:20, heidene, 1:18 32, sowel as Jode, 2:1 16. Die groot voorregte van die Jode maak hulle skuld slegs groter, 2:17 3:8. In die Skrif word hulle saam met die heidene ingesluit onder die oordeel van God, 3: 9~20. Vir Jood en heiden is daar slegs een weg tot verlossing: die regverdigmaking deur die geloof. Hierop word vervolgens ingegaan, saam met die ander weldade daaraan verbonde heiligmaking en heerlikmaking, 3:21 8:39. Die regverdigmaking deur die geloof word beskryf, 3:21 31, en dan word aangetoon dat dit in ooreenstemming is met die Ou Testament: so is Abraham geregverdig en Dawid getuig daarvan, 4:1 25. Waar die skuld versoen is, is die ewige lewe. Met die regverdigmaking is die heerlikmaking vas en seker, maar in hoop. Die hoop is gewortel in die liefde van God wat Sy Seun gegee het, en alles met Hom sal gee, 5:1 11. Soos in Adam die dood deur die sonde geheers het, so is daar in Christus vir die gelowige geregtigheid en ewige lewe, 5:12 2 1. Met die regverdigmaking is die heiligmaking gegee. Die gelowige het ook in Christus gesterf vir sy sonde. Daarom is daar geen sprake dat hy in sy sonde sal lewe nie, 6 1 23. Christus het hom verlos van die wet wat kragteloos is weens die sonde, 7 1 26, en Hy woon in die gelowige deur die Heilige Gees, om hom innerlik te heilig. Daardeur is meteen die verheerliking van die liggaam verseker. Die Gees van die heiligmaking is ook die Gees van kindskap en erfgenaamskap, 8:1 17. Die sekerheid van die toekomstige heerlikheid, waarna die hele skepping saam met die gelowige verlang, rus in die versugtinge van die Heilige Gees in ons, in die voorbede van Christus vir ons, maar ten diepste in die verkiesende liefde van God, 8:18 39. Die blik op die toekomstige heerlikheid laat vra na die toekoms van Israel, hfst. 9 11. In Israel se geskiedenis is juis die verkiesende werksaamheid van God en Sy vrymag geopenbaar, 9 :1 33. Die verkiesing werk egter nie buite die roeping tot geloof in Christus om nie. God het geroep, Israel het nie gehoorsaam nie, 10:1 23. Soos God die ongehoorsaamheid van Israel gebruik het tot barmhartigheid

aan die heidene, so sal God die gehoorsaamheid van die heidene gebruik tot barmhartigheid aan Israel, 11:1 36.

Die derde hoofdeel volg, waarin die lewe van die gelowige beskryf word, 12 :1 15 :13. Dit is: algehele, dankbare toewyding aan God, 12 :1 8, in een woord: liefde, 12:9 21, maar ook gehoorsame onderwerping in die gewone lewensverhoudinge, veral onder die owerheid as instelling van God om geregtigheid te handhaaf, 13:1 7. Al skuld wat die gelowige moet hê, is om lief te hê. Daarin word die wet vervul, 13 :8 14. Dit moet veral in praktyk gebring word in die gemeentelike lewe. By die Christelike vryheid moet die rigsnoer steeds die liefde wees, 14:1 23. So moet ons mekaar se laste dra na die voorbeeld van Christus, 15:1 13. Die brief sluit met 'n uiteensetting van Paulus se planne, 15:14 33, 'n aanbeveling van Febe, groetes onderbreek deur 'n ernstige vermaning, 'n seënbede en lofsegging, 16:1 27.

STRUKTUUR

	Tema	Teks
Inleiding 1:1 - 17	Bekendstelling <i>Tema van die Boek</i>	1:1 - 15 1:16, 17
Klagstaat 1:18 - 3:20	Heidene is skuldig Jode is skuldig Almal is skuldig	1:18 - 32 1:2 - 3:8 3:9-20
Uitspraak 3:21-4:25	Slegs regverdig deur geloof in Christus Regverdig deur geloof vanaf Abraham	3:21-31 4:1-25
Vonnis 5-8	Bevry van die wraak van God Bevry van die sondemag Bevry van die wet Bevry van die dood Oorwinningslied	5 6 7 8:1-30 8:31-39
God is regverdig 9-11	Probleemstelling God is soewerein en vry Die mens se verantwoordelikheid God se plan Lofsang vir God se trou	9:1-5 9:6-29 9:30- 10:21 11:1-32 11:33- 36
Dankbaarheid vir Vrysprak 12-15:13	'n Lewende dankoffer 'n Lewe van Liefde 'n Lewe van Gehoorsaamheid 'n Lewe deurtrek van Christus se liefde 'n Lewe in verantwoordelikheid en vryheid	12:1, 2 12:3-21 13-1-7 13:8-14 14:1- 15:13

Slot 15:14-16:27	Werksverslag toekomsplanne Groetnis aan ... Slotseën	en 15:14 - 32 16:1-24 16:25- 27
-----------------------------------	---	--

ROMEINE 1:1 - 17: DIE INLEIDING

1. Waarna verwys *die Heilige Skrif* in vers 2?

Die Ou Testament

2. Onderskei die drie dele van die Groet in verse 1 – 7

a Die skrywer: Vers 1 selfbekendstelling, verse 2 - 6: wat hy verkondig; Geadresseerdes: Gemeente in Rome (Vers 7a); c Seengroet (Vers 7b)

3. Waarom sou Paulus so 'n lang selfbekendstelling hê in verse 2 - 6?

Die gemeente ken hom waarskynlik nie. Motivering: 1: Daar was baie predikers wat rondgegaan het, en nie almal het suiwer gepreek nie; 2: Hy was nog nie voorheen by die gemeente nie (vers 13) 3: In opdrag van God moet hy aan hulle die evangelie verkondig (vers 14)

4. Hoe sien ons in hierdie verse dat God **regverdig** is?

Hy gee vrypraak deur Jesus Christus

Hy gee die geloof deur die verkondiging van die evangelie

5. Hoe sien ons in hierdie verse dat die **geloof** vir God belangrik is?

Evangelie word aan Grieke en nie-Grieke verkondig sodat hulle kan glo. Hy stuur Paulus om die evangelie te verkondig. Hy het Jesus gestuur sodat die mense kan glo

6. Verklaar die verskil tussen:

- a. *uit geloof tot geloof* (1953-vertaling),
- b. *enkel omdat hulle glo* (1983-vertaling) en
- c. *geheel en al op geloof* (2020-vertaling)?

- 1953: klem lê op die feit dat God die Gewer van die geloof is en dit tot Hom terugkeer
- 1983: Niks kan by die geloof wat van God kom, voeg nie
- 2020: absoluut net die geloof – niks word bygevoeg nie

7. Dieptevrae:

a. Watter betekenis het dit dat Paulus 'n geroepe apostel (v1) is?

God roep hom – dus praak hy met God se gesag, ook met ons

b. Wat sou die betekenis wees van mag / krag in vers 4?

Jesus is, soos die Vader, Almagtig

c. Waarom praat Paulus van geroepe heiliges in vers 7?

Heilsleer! Roeping, wedergeboorte, geloof, bekering, regverdigmaking, heiligmaking, vorharding, heerlikmaking

d. Hoe versterk 'n gawe die gelowige (vers 11)?

Gawes kom van die Heilige Gees. Jy sien hoe die Gees werk en dit bring jou nader aan God

e. Wat is die verskil tussen wetenskaplike kennis en geloof?

Die oorsprong! God of mens se waarneming van God se skepping

ROMEINE 1:18 - 3:20: DIE KLAGSTAAT

1. Hoekom sal die heidene geen verontskuldiging hê nie?

1:19 - 32: In die skepping openbaar God homself - en hulle glo nie. Sels die primitiefste beskawings se basiese wette stem ooreen met veral die tweede tafel van die die wet van God

2. In watter belydenisskrif bely ons dieselfde?

NGB art. 2

3. Hoekom sal die Jode geen verontskuldiging hê nie?

*Hulle het die wet, hulle ken die wet maar hulle leef nie die wet nie
Seremonies is vir hulle belangriker as dit waaroor die seremonie gaan.*

4. Verklaar Romeine 2:24 in die lig van Romeine 2:17 - 23.

*Die Jode het die wet, maar hulle beleef nie die wet nie
Ander volke weet dat die Jode die volk van die enigste ware God is.
As hulle nie soos God se kinders leef nie, met ander woorde nie God se beeld uitdra nie, kan en sal die ander nasies onder aanhitsing van die duiwel, God spot.*

5. Waarom het ons geen verontskuldiging nie?

Die oomblik wat die mens sonde doen, is hy skuldig. Al doen ons die kleinste sonde, ons het God se woord wat vir ons sê hoe om regvoor God te leef

6. Weerspreek Romeine 3:1, 2 en Filippense 3:2 mekaar? Motiveer.

Nee. In Filippense 3:2 gaan dit oor Jode wat in die Christelike kerk verkondig het dat die gelowiges steeds besny moes word.

In Handeling 15 het die kerk besluit dat die besnydenis nie meer nodig is nie. Paulus lê hier in Romeine 3 die klem op die besnydenis as verbondsteken, die teken dat die ontvanger daarvan deel is van die volk van God.

Dus: besnydenis lei nie tot saligheid nie, maar die teken daarvan is belangrik.

7. Hoe word ons vrygespreek as dit nie deur die wet is nie?

Uit genade deur die bloed van Jesus Christus

8. Dieptevrae:

- a. Wat het God se wraak te doen met die feit dat Hy heilig is (1:18)?

Wraak is teen sonde. Sonde vervuil heiligheid

God se heiligheid word deur sonde aangetas

- b. Wat leer ons uit God se optrede in die lyn van dwaasheid (1:21) na afbeeldings (1:23) na blatante sondes (1:24. 25)?

Wie 'n "klein" sonde doen, gaan van kwaad na erger wat God laat vererger. Pasop vir die eerste sonde wat aanleiding gee tot 'n erger sonde!

- c. Watter effek het self-oordeel as jy iemand anders oordeel?

Dis natuurlik dat jy jouself ligter oordeel! Mens regverdig jou eie sonde makliker. Dan word die ander - en ook jou eie sonde - draagliker en selfs aanvaarbaar!

ROMEINE 3:21-4:25: DIE UITSPRAAK

1. Wat is die uitspraak wat in 3:19 gelewer is?

Hele wêreld skuldig voor God.

2. Wat is die betekenis van 3:21 - 26 as vonnis op die uitspraak van 3:19?

Hoewel die mensdom as geheel skuldig is en die ewige straf moet ontvang, is daar mense wat vrygespreek word.

3. Verklaar die begrip *geregtigheid van God* (3:21 - 1953-vertaling).

Geregtigheid beteken om reg voor God te wees. "Van God" beteken dat God dit gee, nie die mens nie. God gee dus deur Jesus Christus dat ons in die regte verhouding tot Hom kan lewe.

4. Verklaar die begrip *vryspraak* (3:21 - 1983-vertaling).

Hier is die woord vertaal in terme van die hofsaak tussen God en die mens. Die mens is skuldig. In sy genade neem die Here die skuld in Jesus Christus weg - en word die skuldig nou onskuldig. Wie onskuldig is, word vrygespreek.

5. Hoe het Abraham salig geword?

Deur die geloof. Hy ontvang die geloof van God as Hy hom roep. Hy word verlos deur die lam wat nie net in die plek van Isak nie, maar ook in sy plek geoffer is.

6. Hoe kan ons uit 4:9 - 13 die betekenis en belangrikheid van die besnydenis en die doop verklaar?

Hoewel die besnydenis / doop belangrik is (God het dit ingestel) is dit nie heilsoodsaklik nie. Die besnydenis was vir Abraham die teken dat hy die ware saligmakende geloof het. Hoewel Abraham die besnydenis as volwassene ontvang, is God se opdrag om die besnydenis aan die kind gebore in die verbond te bedien op 8 dae.

- simbolies dat God die saligmakende geloof gee, nie dat die mens dit verwerf / verdien nie

7. Dieptevrae:

a. Waarom begin vers 3:21 met die woorde: “maar nou...”?

Kontras met die voorafgaande. Iets het verander!

b. Wat is die betekenis van seël in vers 4:11?

Iets met 'n ander betekenis as dit wat jy sien. Besnydenis is iets wat 'n mens sien – maar dit het 'n 'n onsigbare betekenis. Dit is waarborg van outentiteit.

c. Verklaar die twee betekenis van hoop in vers 18.

Die onderskeid tussen menslik en Goddelik. In nie een van die twee het die mens enige beheer nie – maar met die Goddelike het jy sekerheid van die uitkoms.

d. Probeer 4 verskille aandui tussen die beloftes van God en dié van die mens:

1: Altyd reg ⇔ dikwels verkeerd

2: Vas en seker ⇔ kan jy dit hou?

3: God vergeet nooit 'n belofte nie ⇔ mense kan

4: God kom belofte altyd na ⇔ mens faal dikwels

ROMEINE 5-8: DIE VONNIS

1. Waarvan word die mens alles vrygespreek?

a Oordeel en Wraak van God (Hoofstuk 5)

b sondemag (hoofstuk 6)

c wet (hoofstuk 7)

d die dood (hoofstuk 8)

2. Wat moet ons reaksie wees op die vier vrysprake hierbo? a b c d
3. As Christus met sy lyde ons verlos het en ons die vrypraak ontvang het, waarom moet ons nog ly?

5:3 - 6 Die einddoel is dat die mens deur die lyde gedwing word om op te kyk na God en sy genade. Hoop is geloofsekerheid. Hierdie sekerheid is geplant in die wete dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sy vyande was. Dit sê vir ons wat sy gesindheid was - ons moet dieselfde gesindheid openbaar.

4. Waarop dui die *alles* in 8:28?

Die lyde in verse 18, 19, 20, 22, 23, 25, 26

5. Waarop dui die *goede* in 8:28?

Die verheerliking van verse 18, 19, 21, 23, 24, 26

6. Dieptevrae:

- a. In 5:6 – 10, bepaal die mens se natuurlike gesindheid teenoor God asook God se antwoord daarop.

goddeloos ⇔ Christus sterf

sondaar ⇔ Christus sterf

vyand ⇔ Christus sterf

- b. 6:4: Hoe word ons deur die doop saam met Christus begrawe? Impliseer dit volwasse doop deur onderdompeling?

Begrafnis in die af-en-op nie, maar in-en-uit

Ons hou nie op sondig NA doop nie, dus nie 'n sondelose lewe na die doop nie prediking: omdat Christus dood is, het Hy die (ewige) dood as straf vir die sonde weggeneem

- c. 6:17: Wat is die verskil tussen *slaaf van die sonde* aan die een kant en *sondaar* aan die ander kant?

'n Slaaf het nie 'n keuse of sê in die saak nie. 'n Sondaar kies of hy wil aanhou sondig.

ROMEINE 9 - 11 GOD IS REGVERDIG

1. Wat is dit wat Paulus eintlik vir ons sê in 9:1 - 5?

Omdat Israel die verbondsvolk is, sal die Here hulle in sy genade nie vergeet nie

2. Waarom het God Jakob uitverkies, maar Esau gehaat?

Sy vrymag en sy genade. Esau het die genade van die Here verwerp toe hy die geskenk van die eersgeboortereg geminag het

3. Kan iemand wat nie uitverkies is nie, God verwyf?

Motiveer. Nee. God kan Hom ontferm oor wie Hy wil. Heidene soek nie die vrypraak nie (9:30)

4. Watter sê het die mens in sy uitverkiesing?

Geen sê indien die mens uitverkies word nie. Indien die mens nie God se genade aanvaar nie (Esau en Israel), dan verwerp 'n mens God en gaan verlore

5. Waarom het die Jode die Messias verwerp?

(9:31 - 33) Hulle wou op eie krag die saligheid verwerf en het daarom gedink dat hulle nie die Messias nodig het nie

6. Wat is ons verantwoordelikheid in ons redding?

(10:9, 10) Bely Jesus is Here, glo Jesus is opgewek, glo en word vrygespreek, bely wat 'n mens glo

7. Hoe bewerk God dit dat die Heilige Gees die geloof in 'n mens wek?

(10:17) die Here gebruik die prediking waardeur die Heilige Gees werk

8. Gaan die Jode verlore?

Menslik gesproke: Ja. Omdat hulle egter verbondsvolk is, gaan God ingryp en hulle red

9. Dieptevrae:

- a. In 9:1 maak Paulus drie stellings: hy *praat die waarheid in Christus / *lieg nie / die Heilige Gees lei hom. Waarom so sterk uitdruk?

Wat hy nou gaan sê, gaan deur die lesers bevraagteken word. Oral op sy sendingreise het die Jode hom heftig teegegaan. Hy is bewus van die inpirasie van die Heilige Gees

- b. 9:16 – wat is die rol van die mens in God se barmhartigheid?

God se barmhartigheid moet deur die mens verkondig sowel as uitgeleef word sodat dié wat begenadig word dit ontvang.

- c. Hoe kan ons 10:9, 10 meer prakties in ons lewe maak?

Begin by 12 artikels! Onthou dat geloof sonder dae niks werk is nie as jy dus geloof uitleef sal jy ook geloofsekerheid kry

- d. Watter betekenis het 10:3 en 4 vir elkeen wat die evangelie uitdra?

Jy sien nie noodwendig die resultaat nie, Dit beteken egter nie dat die nie bestaan nie.

ROMEINE 12 - 16: DANKBAARHEID VIR VRYSPRAAK

1. Verklaar die begrip *wesenlike van die godsdiens* (1983-vertaling) / *redelike godsdiens* (1953-vertaling) / *sinvolle godsdiens*. (2020-vertaling)

Die begrippe is aanvullend tot mekaar.

- 1953 lê die klem om die aktiwiteit van die godsdiens: 'n mens se verstand werk
- 1983 sê wat die karakter van die geloof is: dit IS, dit is 'n wyse van BESTAAN – en dit maak sin (logies).
- 2020 sin – die logika van die godsdiens.

In al drie moet ons die verstand wat die Here ons gegee het, gebruik. – DINK wat het God gedoen, BESLUIT wat jy daarmee gaan doen.

2. Wat moet die mens doen sodat God hom kan verander?

Ken God en sy Woord. Buig voor God in aanbidding. Luister vir God. Doen wat God beveel. Ken-Vertrou-Doen.

3. Noem nog ten minste twee gedeeltes waar die kerk die liggaam van Christus genoem word.

1 Korintiërs 12; Efesiërs 4

4. In hoe verre moet die gelowige aan 'n ongelowige regering gehoorsaam wees?

Alle regerings is instellings deur God. Mens moet aan die regering gehoorsaam wees totdat sy regering en wette dit onmoontlik maak om God te dien en aan Hom gehoorsaam te wees

5. Volgens hoofstuk 14: wat mag 'n mens eet en wat nie?

'n Mens mag alles eet wat goed is vir die liggaam. As ek egter iemand swak in die geloof kan mislei / sy geloof benadeel, moet ek eerder sonder 'n disbly as wat sy geloof skade aangedoen word.

6. Waarom moet die evangelie aan alle mense verkondig word as almal nie uitverkies is nie?

Ons weet nie as ons met iemand praat, of hy uitverkies is al dan nie. Wie nie uitverkies is nie, maar tog die woord gehoor het, kan niemand verwyt as hy / sy verlore gaan nie - hy was nie onkundig nie

7. Waarom groet Paulus so baie mense in Rome, in teëstelling met al sy ander briewe waar hy min mense groet?

Hy het baie geken, maar die gemeente het hom nie geken nie - so kan hulle navraag doen oor hom en hom toelaat om by hulle te preek

8. Dieptevrae:

a. 12:1 het in die eerste sin die begrip “dan” / “en nou” / “dus”, Wat is die doel daarvan?

Om die kontras tussen die voorafgaande en dit wat volg aan te dui. Tot nou toe was die klem op die genadewerk van God, maar nou gaan die klem van op die mens se verantwoordelikheid.

b. In Romeine 13 – was die verhouding tussen kerk en staat wees? Wie moet vir wie luister?

Sien NGB art 36! Die kerk moet aan die regering God se (goedkeurende) wil in die regering oor die kerk verkondig. Die regering moet die veilige omgewing / omstandighede skep sodat die kerk God kan dien en gehoorsaam

c. Hoe bid jy vir die regering?

Bid dat die regering – ons dit glo of nie – sy wette sal maak in gehoorsaamheid aan God

d. Hoofstuk 14: wat sal jy iemand antwoord wat sê dat jy nie Halaal / Kosher-kosse mag eet nie?

1: dis nie 'n teken van offer nie! Sertifiseer dat voorbereiding volgens hulle wette gedoen is.

2: gaan my gebruik van die kos jou geloof negatief beïnvloed?

e. Watter belangrike les oor ons optrede is in 16:19, 20?

Net soos God ons optrede kan gebruik om mense te trek kan die duiwel verkeerde optrede gebruik om weg te stoot ons moet beseef: regte optrede vernietig satan se werk!